



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

2021

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	(40)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(20)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
- Gebruik 'n kopkaart, vloeiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
- Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
- Dui die beplanning duidelik aan.
- TREK 'n STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	60 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	30 minute

7. Nommer die skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe. Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 1**1.1 DIE DAG TOE EK ALLEEN HUIS TOE GESTAP HET**

Terwyl jy eendag alleen huis toe gestap het, het daar iets gebeur.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Hoekom het jy alleen huis toe gestap?
- Waar het dit gebeur?
- Wat het gebeur?
- Hoe voel jy oor dit wat gebeur het?

[40]**1.2 DIT WAS 'N LEKKER KONSERT**

Jy was by 'n konsert en het dit baie geniet.

Skryf 'n **opstel** en vertel van hierdie konsert.

Dink aan die volgende:

- By watter konsert was jy?
- Waar is die konsert gehou?
- Wat het die konsert so lekker gemaak?
- Wat sal jy altyd van hierdie konsert onthou?

[40]**1.3 IEMAND WAT EK BEWONDER**

Jy bewonder iemand wat probleme in sy/haar lewe goed hanteer het.

Skryf 'n **opstel** en vertel van hierdie persoon.

Dink aan die volgende:

- Wie is hierdie persoon?
- Watter probleme het hierdie persoon gehad?
- Hoe het hierdie persoon die probleme in sy/haar lewe hanteer?
- Wat het jy by hierdie persoon geleer?

[40]

1.4 ONS MOET ALMAL WATER SPAAR

Ons land het nie baie water nie. Daarom is dit belangrik dat almal water moet spaar.

Skryf 'n **opstel** en vertel waarom en hoe 'n mens water by die huis en by die skool kan spaar.

Dink aan die volgende:

- Waarom het ons land nie baie water nie?
- Hoe kan die skool water spaar?
- Hoe kan julle by die huis water spaar?
- Waarom is dit belangrik dat almal moet help om water te spaar?

[40]

- 1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit www.soweto.com]

[40]

1.5.2



[Uit www.vecteezy.com]

[40]

1.5.3



[Uit www.dreamicus.com]

[40]

1.5.4



[Uit www.clipart.co.za]

[40]

TOTAAL AFDELING A:

40

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 2**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het hulp nodig gehad. Jou maat het jou gehelp.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan hierdie maat waarin jy hom/haar bedank vir sy/haar hulp.

Dink aan die volgende:

- Wat was jou probleem?
- Hoe het jou maat jou gehelp?
- Hoe voel jy oor dit wat jou maat gedoen het?

[20]**2.2 FORMELE BRIEF**

Daar is 'n SASSA-kantoor op jou dorp waar die oumense aan die einde van die maand soms die hele dag moet wag vir hulle beurt om hulle geld te kry.

Skryf 'n **formele brief** aan die bestuurder waarin jy vra dat hulle sekere dinge moet doen om dit vir die oumense gemaklik te maak terwyl hulle wag.

Gebruik die volgende adres: Die Bestuurder
SASSA-kantoor
Posbus 6294
Mahikeng
0324

Dink aan die volgende:

- Waarom skryf jy die brief aan die bestuurder van die SASSA-kantoor?
- Wat maak dit vir die oumense moeilik terwyl hulle vir hulle geld wag?
- Wat kan die bestuurder doen om dit vir die oumense gemaklik te maak terwyl hulle wag?

[20]

2.3 INFORMELE TOESPRAAK

Jy moet met 'n groep jongmense oor die regte en verkeerde gebruik van sosiale media praat.

Skryf 'n **toespraak** waarin jy vir die jongmense van die regte en verkeerde gebruik van sosiale media vertel.

Dink aan die volgende:

- Watter tipes sosiale media gebruik jongmense?
- Wat is die regte manier om sosiale media te gebruik?
- Wat is die verkeerde manier om sosiale media te gebruik?

[20]**2.4 INFORMELE VERSLAG**

Jy was by toe twee persone 'n jong leerder geboelie het.

Die skoolhoof het jou gevra om 'n kort **verslag** te skryf oor wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Wat het jy gedoen toe hierdie insident plaasgevind het?

[20]**TOTAAL AFDELING B: 20**

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 3**3.1 ADVERTENSIE**

Jy wil jou selfoon verkoop.

Skryf 'n **advertensie** om jou selfoon te adverteer.

Dink aan die volgende:

- Watter inligting moet in die advertensie verskyn?
- Hoe moet die formaat van die advertensie wees?

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE.

[20]**3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy moes dokter toe gaan.

Skryf in jou **dagboek**. Jy moet **TWEE** inskrywings maak:

- Die aand vóór die besoek aan die dokter
- Ná die besoek aan die dokter

Dink aan die volgende:

- Hoe het jy die aand vóór die besoek aan die dokter gevoel?
- Hoe het jy ná die besoek aan die dokter gevoel?

[20]

3.3 INSTRUKSIES

Jou boetie en sy vriende wil vuur maak **EN** vleis braai.

Hulle vra vir jou om vir hulle instruksies neer te skryf oor hoe om die vuur te maak **EN** die vleis te braai.

Skryf die **instruksies** in volsinne en puntsgewys neer.

Voorbeeld:

1. Maak die braaiplek skoon.
2. ...
3. ...
-
-

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 80